Die ATKV-tak Loerie nooi jou uit om deel te neem aan ons

# Poësiekompetisie

**Alle digters – jonk en oud – word uitgedaag om in te skryf. Elke woord maak saak, so gryp die kans aan en word deel van hierdie besonderse geleentheid!**

Daar is **tien kategorieë** en die gedigte word beoordeel deur 'n onafhanklike paneel van drie taalkundige beoordelaars wat in die letterkunde- en digteromgewing werksaam is.

## Lekker pryse is op die spel!

Dit sluit onder andere 'n midweek-wegbreek by 'n ATKV-vakansieoord, boekpryse, en die wengedig wat deur Melkbos Musiek getoonset sal word, in.

## Hierdie kompetisie is een wat jy nie kan misloop nie!

**Stuur jou inskrywing tussen 1 Maart en 30 September 2026 na woordkrag@gmail.com.**

Die doel van die kompetisie is om 'n kortlys gedigte saam te stel vir 'n moontlike publikasie in digbundelformaat deur 'n betroubare uitgewer.

MELKBOS MUSIEK

Vir meer inligting, kontak gerus vir Magdalie Grobler by woordkrag@gmail.com.

ATKV

ATKV-tak Loerie

# ATKV-tak Loerie:

# Poësiekompetisiereëls

1. Die kompetisie is oop vir alle digters wat in Afrikaans skryf.
2. Slegs oorspronklike, ongepubliseerde gedigte word aanvaar.
3. Gedigte mag nie met behulp van kunsmatige intelligensie geskryf of gegenereer word nie.
4. Daar is geen beperking op die aantal gedigte wat elke digter mag instuur nie.
5. Gedigte mag nie langer as 30 reëls wees nie.
6. Elke gedig moet regs onder jou naam en van, identiteitsnommer, ATKV-lidnommer (indien van toepassing), provinsie en kontakbesonderhede bevat.
7. Elke gedig moet 'n titel hê.
8. Erkende variëteite van Afrikaans word aanvaar.
9. Die inskrywingsfooi is R30 per gedig. Digters kan 5 haikoes vir R50 of 2 limerieke vir R30 inskryf.
10. Gedigte moet in Ariel 11, 1.5 spasie getik wees.
11. Gedigte moet elektronies in Microsoft Word-formaat ingedien word.
12. Inskrywings open 1 Maart 2026 en sluit 30 September 2026
13. Gedigte moet gestuur word na woordkrag@gmail.com.
14. Die bewys van betaling moet die gedigte vergesel en ook per e-pos aan woordkrag@gmail.com gestuur word.
15. Gedigte word anoniem beoordeel deur 'n paneel onafhanklike digterbeoordelaars.
16. Die beoordelaars se beslissing is finaal.
17. Die wenners se gedigte en die gedigte wat die kortlys haal, kan vir publikasie in 'n digbundel oorweeg word.
18. Deelnemers behou kopiereg, maar verleen toestemming vir nie-eksklusiewe publikasie.
19. Deur in te skryf, aanvaar deelnemers hierdie reëls volledig.
20. Pryse op die spel sluit in 'n midweek-wegbreek by 'n ATKV-vakansieoord, boekpryse, asook die wengedig wat deur Melkbos Musiek in 'n liedjie getoonset sal word. Die ATKV-tak Loerie betaal die SAMRO-registrasiefooi.
21. Daar is geen voorgeskrewe temas nie, maar wel style, en digters word aangemoedig om in elke styl te probeer skryf:
    1. Haikoe
    2. Limeriek
    3. Sonnet
    4. Ballade
    5. Elegie
    6. Ode
    7. Pastiche
    8. Satire
    9. Vormgedig
    10. Vrye vers

**Bankbesonderhede vir inbetalings:**
ATKV-MSW
Absa
Rekeningnommer: 170166728
Takkode: 632005
Verwysing:
"Loerie/Gedigte" en jou naam en van

Vir meer inligting, kontak gerus vir Magdalie Grobler by woordkrag@gmail.com.

MELKBOS MUSIEK

ATKV
ATKV-tak Loerie